

# Dink nuut!

9 Maart 2017

## Omsendbrief 8

Geagte Ouers

Let asseblief op die volgende inligting:



### A. Atletiek

Ons is almal geweldig trots op Siya Dube wat WP kleure verwerf het in atletiek. Ons wens hom baie sterkte toe met eerskomende Saterdag se Wes-Kaap Kampioenskappe wat in die Paarl plaasvind.

### B. Swem

Baie dankie aan elkeen van u wat ons Interhuis Swemgala kon bywoon en baie dankie aan al die personeellede, ouers en kinders wat bygedra het tot die sukses van die gala.

Thanks

Voorspoed aan ons swemspan met die Driehoekgala wat vanmiddag plaasvind en baie dankie aan elkeen van u vir u hulp met vervoer en vir u ondersteuning.



Dankie

Let asseblief daarop dat die afrigting wat die WP Aquatics op Dinsdae met die hele skool se kinders gedoen het die afgelope Dinsdag ten einde geloop het en dat ons swemspan se oefeninge op Dinsdae en Donderdae na skool onder ons afrigter van Swimlab, op Donderdag 16 Maart ten einde loop. Baie dankie ook aan die afrigters vir waardevolle afrigting aan ons kinders.

### C. Toutrek

Voorspoed aan al ons toutrekspanne, afrigters, komitee en ouers met eerskomende Saterdag se WP/Boland Kampioenskappe wat in Breederivier plaasvind. Ons hou styf duim vas!



#### **D. Rapportering van vermoedelike maselgevalle by skole**

1. As gevolg van 'n maseluitbraak by 'n skool in Stellenbosch in Januarie 2017, word 'n inentingsveldtogg tans deur die Wes-Kaapse Departement van Gesondheid (WKDvG) met die ondersteuning van die Nasionale Departement van Gesondheid gehou.
2. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) versoek alle skole om die WKDvG van enige leerders of personeellede wat tans maselsimptome toon in kennis te stel sodat die WKDvG die vermoedelike gevallen kan ondersoek en bevestig. Masels is 'n rapporteerbare siekte met ernstige nagevolge indien dit nie korrek behandel word nie. Ten einde die uitbraak te stuit, moet alle vermoedelike gevallen deur die WKDvG opgevolg word. Die WKDvG sal ook diegene kontak met wie die leerder of personeellid in aanraking gekom het.
3. **Maselsimptome kan voorkom as koors van 38°C of hoë, 'n veralgemeende vlekkerige uitslag en enige een van die volgende drie simptome: hoes, konjunktivitis (d.w.s. rooi oë) of verkoue (d.w.s loopneus).**



Vriendelike groete

**E.L. KÄSNER  
SKOOLHOOF**



**Win Big!**

**Calling all homeowners!**

List or value your home with **RE/MAX Premier** from 01 February to 1 November 2017 and you could win a 5 day / 4 night getaway for 2 on the beautiful **MSC Sinfonia**

Contact your **RE/MAX Premier Agent**, call us on **021 657 3560** or email **sold@remaxpremier.co.za**

competition exclusive to RE/MAX Premier

Each office is independently owned and operated

Ts & Cs Apply

The advertisement features a red banner at the top with the text "Win Big!" in white. Below the banner is a photo of a large white cruise ship, the "MSC Sinfonia", sailing on the ocean under a blue sky with white clouds. To the left of the ship is a hot air balloon with the "RE/MAX" logo. At the bottom of the advertisement, there is a large red speech bubble containing the word "ATTENTION!" in yellow, bold letters.